

## 19. Kerkargief en -museum

### 19.1 RAPPORT DEPUTATE KERKARGIEF EN –MUSEUM (Artt.9, 133)

- A. Dr. JM van Tonder stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Ds. EJ Tiemensma rapporteer namens die Kommissie Finansies.

#### D. RAPPORT

##### 1. Opdrag

Sien Acta 2000:369-372.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

###### 2.1 *Die Kerkargief*

Rapport oor die werksaamhede van die Kerkargief:

Met groot dankbaarheid teenoor die Here kan ons rapporteer dat daar die afgelope drie jaar met groot vrug in die Kerkargief gearbei is.

Vanweë 'n nuwe voldagpos kon die dienstye van die Argief verander na 7.30-13.00 en 14.00-16.00.

'n Nuwe ruim bogrondse kantoor is ingerig in die Teologiese biblioteek se leessaal en voornemende navorsers kan hier te woord gestaan word.

Met die ordening, inskakeling en beskikbaarstelling van nuwe argivalia is goed gevorder en dit kan nou makliker by reeds bestaande versamelings gevoeg word. Die skenking van 'n tweedehandse rekenaar deur die Ferdinand Postmabiblioteek aan die Argief bring mee dat navrae ook nou per e-pos kan geskied (dtlj@puknet.puk.ac.za)

Daar is begin deur aansluiting te soek by die NAAIRS-projek (*National Automated Archival Information Retrieval System*) van die Nasionale Argiewe. Dit is 'n gratis diens aan meewerkende argiewe en stel 'n opsomming van inventarisse op die Internet beskikbaar. Tans is die GKSA die tweede kerkverband (naas die Nederduitsch Hervormde Kerk) wat aan die projek deelneem. Die toegang tot beskikbare argivalia sal dan op die Internet beskikbaar wees.

Vir die eerste keer is daar foie betaalbaar vir die gebruik van argivalia met die oog op genealogiese navorsing, nl. R20.00 per dag. Vir navorsing wat deur die personeel gedoen word is R50.00 per uur betaalbaar. Navorsing deur gemeentes en die PU vir CHO is gratis. Hierdie bedrae is in ooreenstemming met tariewe in ander argiewe.

'n Nuwe tendens is dat navorsers al hoe meer telefonies navraag doen, eerder as om self hier navorsing te kom doen. As gevolg van die foie wat gehef word, neem die aantal genealogiese navorsers (meestal pensioenarisse) egter af.

Dit is ongelukkig nog steeds die geval dat daar van baie gemeentes en meerdere vergaderings nog geen of weinig van hul argivalia na die Argief oorgeplaas is. Van die 298 bestaande en 62 ontbinde gemeentes het die Argief van 101 gemeentes geen argivalia in bewaring nie. Ook belangrike lidmaat-, doop- en huweliksregisters, wat uiters noodsaaklik is vir genealogiese navorsing, word nog steeds deur gemeentes teruggehou. In die drie jaar 1999-2001 is slegs van 45 gemeentes, 6 Klassisse en geen Partikuliere Sinode dokumente ontvang (Agendas en Acta uitgesluit).

Om hierdie stand van sake te verbeter, het u Deputate aan elke Klassis die versoek gerig om 'n Argiefdeputaat, wat as skakel tussen die gemeentes en die Argief kan dien, aan te wys.

Hierdie Deputate kan in hulle ressort die Klassis meer bewus maak van die belangrikheid van die verskillende argivalia. Die skrywe is vergesel van 'n riglyn. Slegs ongeveer die helfte van die Klassisse het gereageer.

Lidmate word hiermee hartlik uitgenooi om die skat van inligting wat reeds in die Argief bewaar word te kom ontgin.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2.2 *Musea*

### 2.2.1 Die Totiushuis- Potchefstroom

Die Deputate het 'n skrywe ontvang van die Potchefstroomse Munisipaliteit. Dit handel oor 'n eensydige opsegging van hulle kant, van die 99 jarige-kontrak tussen ons kerke en die Munisipaliteit. Volgens hierdie kontrak moet die Munisipaliteit Totiushuis, (wat die GKSA se eiendom is), in stand hou, terwyl die inhoud grotendeels die Munisipaliteit se eiendom is. In hantering van die skrywe het die Deputate met die Munisipaliteit in gesprek getree. Tot op hede is geen besluit geneem nie. Die saak kontinueer.

**Besluit:** Goedgekeur. Alle gemelde sake rondom die Totiushuis word na die Bestuur van die Administratiewe Buro, in samewerking met die Deputate Historiese Sake, vir hantering verwys.

### 2.2.2 Die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum

Prof. Bouke Spoelstra dien steeds op die Trusteeraad van bogenoemde museum namens die Gereformeerde Kerke. Tans dien daar twee raadslede uit die 'bruin' gemeenskap in die Trusteeraad en hulle openbaar 'n positiewe gesindheid.

Die Trusteeraad werk hard, maar vind dit moeilik om die rondomwonende Xhosagemeenskap by die inhoud en betekenis van die Museum te betrek.

Die PU vir CHO doen moeite en gaan koste aan om die ou Teologiese Skool en uitstallings daarin in goeie orde te hou. Die ou pastorie was deel van die Skool voordat dit ongeveer in 1905 die pastorie van ds. D Postma (M.sn), predikant van Burgersdorp, geword het. Tans moet aanvaar word dat die Gereformeerde Kerk Burgersdorp in getalle en vermoë so verswak dat hulle weinig in die toekoms sal kan bydra om die Trusteeraad te help om die eiendom in stand te hou. Onverwagte bydraes en hulp soos van die PU vir CHO maak die taak vir die Trusteeraad makliker.

Prof. Spoelstra woon jaarliks net twee van vier vergaderings van die Trusteeraad by om koste vir die GKSA te bespaar.

Die Deputate het na deeglike oorweging besluit om nie nou die graf van prof. Dirk Postma op Burgersdorp te verskuif nie (soos versoek deur die Sinode 2000, Acta:369, 3.1.2).

**Besluit:** Die Sinode keur die besluit van die Deputate goed om vanweë kostes die graf van prof. Dirk Postma nie te verskuif nie. Dringende aandag moet aan die instandhouding gegee word. Instandhouding word na die Bestuur van die Administratiewe Buro met die hulp van die plaaslike kerk verwys.

### 2.2.3 Die Potchefstroomse Kerkmuseum

Die Deputate kan met dankbaarheid verslag doen dat die kurator van die Kerkmuseum, br. MPA Coetsee met groot ywer, ondanks die agteruitgang van sy gesondheid, sy werksaamhede in ons Museum voortgesit het.

#### *Uitstallings en skenkings*

Tydens die Sinode van 2000 is daar op versoek van die Teologiese Skool en die PU vir CHO 'n baie sinvolle en gewaardeerde uitstalling oor die Anglo-Boereoorlog by die ingang van die Sinodesaal gehou. Ongeveer 85 artikels is uitgestal.

Die afgelope drie jaar is daar heelparty items tot die Museum toegevoeg. Hier kan o.a. uitgesonder word:

- 'n Aantal Statebybels wat deur die Ferdinand Postma Biblioteek geskenk is.
- Genoeg artikels vir 'n uitstalling uit die bedieningstyd van wyle prof. PW Buys is ontvang.
- Foto's, 'n kassetspeler en kassette van die Boesman Bybelvertaling deur wyle dr. Flip van der Westhuizen is ontvang en word tans uitgestal.
- Genoeg items vir 'n uitstalling oor die Dorslandtrek is ontvang.
- Die Kerkmuseum is die afgelope drie jaar goed besoek deur verskeie katkisasiegroepe, belydeniskandidate, oorsese besoekers, toergroepe en navorsers.

#### *Geboue:*

In die gebou waar die museum gehuisves word is die drie groot sale se plankvloere geskuur en vernis.

Met toestemming verleen deur die Administratiewe Buro is 'n pad, wat deur die museumterrein loop, tussen Molenstraat en Laerskool Mooirivier gebou.

**Besluit:** Besondere dank aan br. Bert Coetsee en wense van geloofsterkte en seën met sy ernstige siekte.

## *2.3 Nasionale Gedenkwaardighede*

### 2.3.1 Krugerskraal

Die Deputate is dankbaar vir die werk wat deur 'n kleinseun van Totius, Frans du Toit en sy vrou Ami (registrateur van die TSP), op Krugerskraal gedoen word.

Op Krugerskraal staan die plaashuis en buitegeboue waar Totius sowat 70 jaar gelede die Bybelvertaling en Psalmberyming in Afrikaans gedoen het. Die pogings om die verval van die huis teë te werk en dit as 'n gedenkwaardige plek in stand te hou, gaan steeds voort, ondanks die watertekort wat steeds bestaan.

Sedert die sitting van die Nasionale Sinode 2000 het die PU vir CHO, deur die goedgunstige meewerking van prof. CJ Reinecke, ingewillig om die sink van nog 'n boorgat te betaal. Die poging om water te vind was onsuksesvol. Mnr. Pieter Linde het op die aangrensende eiendom water raakgeboor en was bereid om water onder sekere voorwaardes vir gebruik op Krugerskraal beskikbaar te stel. Hiervoor het die Vriende

van Krugerskraal R10 000 van die PU vir CHO ontvang (Acta 2000:369). Die saak kontinueer in die hoop op bykomende fondse.

Herstelwerk word van tyd tot tyd onderneem. Die stoepvertrek is in samewerking met br. Bert Coetsee soos 'n studeerkamer, met 'n beperkte uitstalling, ingerig en is altyd toeganklik vir besoekers. Die huis word eenkeer per week skoongemaak en die werker kan op versoek die huis vir besoekers oopsluit. Die beplanning om die werker op die terrein te laat woon, het nie gerealiseer nie. Kampering deur bv. katkisasiegroep word op beperkte skaal toegelaat, in soverre die beskikbare water dit toelaat. Klein groepe besoekers word op vooraf afspraak daar vir tee, vergaderings of klein funksies ontvang.

**Besluit:** Goedgekeur. Die Bestuur van die Administratiewe Buro gee indringend aandag aan Krugerskraal met die opsie om te verkoop indien nodig. Voor verkoop moet die Erfenisstigting genader word.

### **3. Sake waarvoor die Sinode moet besluit**

#### **3.1 Oor die Argief**

3.1.1 Die Sinode versoek kerke om kerklike huweliksregisters te hou en predikante moet staatshuweliksregisters, en indien nie anders kan nie, afskrifte daarvan instuur na die kerkargief.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig.

#### *Motivering:*

Kerke beskik nie meer oor gegewens van lidmate wat in die GKSA trou nie. Navorsing oor die lidmaatskap van gemeentede word daardeur bemoeilik.

3.1.2 Dat Deputate opdrag ontvang om voort te gaan met die proses van rekenarisering van toegang tot argiefinligting.(aansluiting by die NAAIRS-projek, kyk 2.1)

**Besluit:** Goedgekeur.

3.1.3 Dat alle predikante en inrigtings wat direk by die werksaamhede van die GKSA betrokke is, soos bv. Kinderhuise, weereens versoek word om persoonlike en ander argivalia wat op die kerk betrekking het aan die Kerkargief te skenk vir bewaring.

**Besluit:** Goedgekeur.

*Motivering:* Dit is nie alleenlik argiewe van kerklike vergaderings wat belangrik is nie. Predikante is in die loop van hul bediening skeppers van argivalia. Inrigtings soos Kinderhuise, Vriende van die Koreane, tehuse vir bejaardes om enkele voorbeelde te noem, is ook van hul ontstaan en vir hul bestaan van kerke afhanklik. Baie van hierdie argivale bronne gaan verlore.

3.1.4 Die Deputate versoek dat dringend oorweging geskenk word aan die optekening van die geskiedenis van die kerkverband oor die tydperk 1959-2000 en dat dit moontlik kan geskied deur 'n projek, uitgaande van die Teologiese Skool, te loods. Benewens professore kan ook ander navorsers betrek word.

**Besluit:** Word verwys na die Finansiële Kommissie.

#### *Motivering:*

Die skryf van die GKSA se geskiedenis ná die honderdste herdenking in 1959 vra nou aandag. Geen omvattende publikasie het sedert 1959 in die verband verskyn nie. Behalwe vir gemeente geskiedenis is die laaste ongeveer 45 jaar se geskiedenis

nouliks beskryf. (Bibliografieë word nie hierby ingesluit nie.) Oorweging van die saak moet dringend aandag kry aangesien die Gereformeerde Kerke in 2009 hoop om haar 150 jarige voortbestaan te gedenk. 'n Historiese bewussyn is onontbeerlik.

*Aanbevelings:*

3.1.4.1 Word verwys na die te benoemde Deputate met die oog op reëlins ter herdenking van die 150-jarige bestaan van die GKSA om 'n begroting in hierdie verband aan die Bestuur voor te lê.

3.1.4.2 Die Bestuur van die Administratiewe Buro moet 'n fonds in die lewe roep waarin die kerkverband vir hierdie fees en kostes vir die skryf van die GKSA se geskiedenis asook onderhoud aan historiese geboue (soos die Kerkmuseum) gekollekteer word.

3.1.4.3 Drr. JL Ras en FRP de Bruyn kan in gedagte gehou word om in die optekening van die GKSA se geskiedenis betrek te word.

3.1.4.4 Die uitreiking van 'n gedenkseël, waarvoor drie jaar voor die tyd aansoek gedoen moet word, moet ondersoek word. oudl. J Bakker (Benoni-Noord) kan hierin behulpsaam wees.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig.

3.1.5 Finansies [invoeg van begroting by Admin Buro]

**Besluit:** Kennis geneem.

3.2 *Oor die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum*

3.2.1 Die Deputate het opdrag ontvang om saam te werk met die Museum te Burgersdorp, sodat die Museum steeds as streekmuseum kan beantwoord aan die doel waarvoor dit opgerig is.

**Besluit:** Goedgekeur.

3.2.2 Dat prof. Spoelstra steeds namens die kerke sy werk voortsit en dat die Sinode in sy begroting vir die Deputate voorsiening maak vir reiskoste, sodat prof. Spoelstra twee keer per jaar die Trusteevergadering kan bywoon.

**Besluit:** Goedgekeur en verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro.

3.3 *Oor die Potchefstroomse Kerkmuseum*

3.3.1 Die Sinode word versoek om weer eens vir die Kerkmuseum, vanweë stygende kostes te raam.

**Besluit:** Goedgekeur en verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro.

3.3.2 Die buitekant van die Museum moet dringend aandag kry. Die sandsteenpilare verweer en stukke pleister dop af. Die dakverf is besig om heeltemal af te dop.

**Besluit:** Goedgekeur en verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro. Die Bestuur moet die moontlikheid ondersoek om 'n fonds in die lewe te roep vir die befondsing van die onderhoudswerk.

4. Wys weer Deputate aan om, behalwe die opdragte hierbo vermeld, die volgende te behartig:

4.1 Sorg vir veilige bewaring en insameling van argivalia en voorwerpe.

4.2 Deputate moet waar nodig die fisiese behoeftes van die Kerkargief en -Museum onder die aandag van die Bestuur van die Administratiewe Buro bring.

4.3 Die Deputate moet die gesprek met ander Afrikaanssprekende Kerke oor die bewaring van ons gemeenskaplike erfenis voortsit (finansiële voorsiening sal hiervoor gemaak moet word).

**Besluit:** Punte 4.1 – 4.3 word goedgekeur.

- 4.4 Goedgekeur dat 'n dokument deur die Deputate opgestel word vir die Nasionale Regering op hulle versoek oor die toeganklikheid van argivalia jonger as 50 jaar.
5. Begroting [word deur die Admin Buro ingevul].

**Besluit:** Kennis geneem.